9. Sonde in Galasiërs

VERWELKOMING: **5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

YSBREKER: **15 MIN**

- As jy president van Suid-Afrika was, wat sou jy onmiddellik verander het?
- As jy 'n towerstaf kon swaai en een sonde vir ewig laat weggaan, watter sonde sal dit wees en hoekom?

AANBIDDING: **5 MIN**

Gee 5 minute van stilte vir stilgebed, veral vir die mense met gesag in ons land.

BYBELSTUDIE: **45 MIN**

Lees GALASIËRS 5:19-21. Laat elkeen een sonde lees en laat daar 'n kort pouse wees na elke sonde.

"[19]Die dinge wat ons sondige geaardheid ons laat doen, is bekend:

a. seksuele sondes,	e. towerkuns,	i. woede,	m. [21]afguns,
b. vuil gedagtes,	f. vyandigheid,	j. selfsugtige ambisie,	n. dronkenskap,
c. losbandigheid,	g. rusie,	k. verdeeldheid,	o. wilde partytjies
d. [20]afgodery,	h. jaloesie,	l. partyskappe,	p. en al sulke dinge.

Ek herhaal my vroeëre waarskuwing oor hierdie dinge: Wie sulke dinge doen, sal nie as erfgenaam deel hê aan God se koningsheerskappy nie."

- Laat elkeen die sonde/sondes wat hy/sy gelees het verduidelik.
- Watter 3 sou julle sê is die ernstigste. Waarom?
- Watter 5 sou julle sê kom vandag die meeste voor:
  - In die wêreld?
  - In Suid-Afrika?
  - In jou omgewing?
- Hoe kan ons keer dat ons in hierdie sondes val?
- Wat beteken die volgende verse hiervoor (Galasiërs 5:22, 23):

> [22]Maar as die Gees ons lewe beheer, is die gevolg: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, [23]sagmoedigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is daar nie 'n wet nie.

DIENSWERK: **5 MIN**

Gebruik die geleentheid om julle dienswerkprojek buite die gemeente te bespreek.

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Julle het as kleingroep reeds op verskillende maniere gebid. Bespreek met mekaar hoe julle nou wil bid en waarvoor en doen dit dan.

ADMINISTRASIE: 5 MIN